

Nuusbrief van die Peter Henning Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Poelie Henning en Wêreldoorlog II



b1.c6.d6.e8.f3. Pieter Hendrik Henning *25-11-1920 en sy bruid, Marjorie Margaret Hough *4-6-1925 het op 8 Junie 1944 tydens die Tweede Wêreldoorlog beide in uniform getrou

Gedurende April 2018 ontvang ek 'n E-Pos van 'n Adele van Heerden. Sy is 'n dogter van b1.c6.d6.e8.f3.g1. Isabel Aletta van Heerden (gebore Henning), gebore 3 September 1948. Adele doen navraag of die oorspronklike Henning Geslagsregister wat in 1984 uitgegee is, nog beskikbaar is. Tydens ons korrespondensie kon Adele, met die hulp van haar oom, Pieter Hendrik Henning *24-1-1950 (g2) vir ons heelwat nuwe informasie en pragtige foto's van hulle tak van die Henning familie verskaf. Met alles wat ons weet van die vroeë geskiedenis van hierdie tak van die Henning familie en die nuwe gegewens wat Adele kon byvoeg, kon ons 'n baie meer volledige en interessante prentjie saamstel.

In hierdie artikel gaan ons konsentreer op Adele se oupa, b1.c6.d6.e8.f3. Pieter Hendrik Henning, gebore 25 November 1920. Hy was die derde kind van b1.c6.d6.e8 Pieter Hendrik Henning gebore 17 September 1884 en sy vrou Maria Petronella Elizabeth (gebore Weitsz) gebore 21 Mei 1893

Hierdie Pieter Henning is na sy pa, Pieter Hendrik Henning (e8) vernoem en hy en sy vrou, woon op die Henningplaas, Houtkop, in die Rouxville distrik. Hierdie plaas is reg langs die N6 nasionale pad naby Aliwal-Noord geleë. Oupagrootjie Pieter se pa, b1.c6.d6. Jan Hendrik Rudolf Henning, gebore 1844 was die eerste eienaar van Houtkop.

Houtkop is een van verskeie plase in die omgewing van Rouxville wat aan nasate van b1.c6. Johannes Stephanus Henning *1814 behoort het, onder andere die plase Klynplaats, Palmietfontein, Heuningkrans en dan natuurlik Klipkop, die baie geskiedkundige Henningplaas wat aan b1.c6. Johannes Stephanus Henning *1814 behoort het. Gedurende 1865 tydens die eerste Basoeto-oorlog het die impi's van Mosjesj Klipkop aangeval. Hoewel die paar mans wat op die plaas was, dapper teenstand gebied het, het die Basoeto's dit tog reggekry om die plaashuis aan die brand te steek.


Gedurende 1918 word daar vir grootoupa Pieter Hendrik Henning *1884 en sy vrou Maria Petronella Elizabeth tweelingseuntjies gebore op die plaas Houtkop en hierdie twee seuntjie word onderskeidelik na Pieter en Maria se pa's vernoem. Hulle derde kind, wat op 25 November 1920 gebore is, is toe ook 'n seuntjie en hy kry, soos die gebruik, sy pa se name. Hierdie klein Pieter word dus groot op Houtkop. As 'n klein seuntjie kry hy die bynaam Poelie. As 'n plaaskind, ver van die dorpe en stede, sonder radio of koerante, is Poelie sekerlik nie bewus van al die moeilikhede op politieke – en ekonomiese gebied nie, maar hy het die gevolge sekerlik ervaar. Dit is die jare kort na die Eerste Wêreldoorlog, waar die regering probeer om die land se ekonomie weer aan die gang te kry; daar is groot politieke- en arbeidsonrus; die groot droogte in die vroeë 1930's, ensovoorts. Al hierdie dinge het gemaak dat plaasboere en



Pieter Hendrik Henning (Poelie) en sy vriendin, Marjorie Margaret Hough wat kort na hierdie foto getroud is, staan heel regs agter, met Pieter se oudste broer, Jan Hendrik Roedolf (Hennie) (middel) saam met 'n vriendin en sy vriendin by hulle spoggerige sportmotor – 'n 1936 model Peugeot 402

hul gesinne maar 'n nederige bestaan gevoer het. Alle werk op plase moes maar deur die boer en sy gesin self gedoen word. As 'n seun moes Poelie, soos sy broers en susters, sekerlik ook sy werkies op die plaas doen én ook sy skoolwerk.

Dit is baie duidelik dat grootoupa Pieter (*1884) nie soos meeste ander Hennings hulle kinders net groot gemaak het om 'n boerdery-loopbaan



Hoewel hierdie 'n foto van 'n B24 Liberator Bomwerper van die Amerikaanse Leër se lugmag is, is dit identies aan die vliegtuig waarmee Poelie Henning gevlieg het



Die bemanning van B24 Liberator XI Bomwerper nr R-EV958 van 31 Eskader van die SA Lugmag. Agter: Lt P H Henning SALM, Navigator; Sers Todd RAF, Vlugoffisier George Crossman RAF, Kapt Thomas John Lesar SALM, Vlieënier en vliegtuig bevelvoerder; Lt R Searle SALM, Medevlieënier. Voor: AO Pepper RAF; Sers O'Neill RAF en Sers May RAF

te volg nie. Al hulle kinders behaal matriek, wat in daardie dae uitsonderlik was en begin ander beroepe beoefen! Ongelukkig kon ons nie vasstel waar die Henning kinders op skool was nie, maar dit was heel waarskynlik Aliwal-Noord, want dit is die naaste dorp met 'n kosskool aan Houtkop. Pieter (*1920) slaag matriek ongeveer 1939/40, toe die Tweede Wêreldoorlog reeds uitbreek het. Werk is skaars! Poelie besluit uiteindelik om by die Suid-Afrikaanse Lugmag aan te sluit.

Omdat hy matriek het, is daar verskeie beroepsrigtings waar die lugmag hom kan oplei. Hy beland by "44 Air School" op Grahamstad, waar hy opleiding kry as navigator (op vliegtuie), "airgunner" of te wel lug-artilleris om kanonne en masjiengewere aan boord vliegtuie te beman en as "bomb aimer" om bomme sekuur op teikens te laat val. Tydens die opleiding word daar van Anson en Oxford ligte bomwerpers gebruik gemaak. Hy voltooi sy opleiding te Grahamstad op 16 Maart 1944 en word verplaas na "61 Air School", George waar hy verdere gespesialiseerde opleiding as navigator op Anson vliegtuie kry tot 20 Mei 1944.

Nou begin die groot avontuur! Op 15 Junie 1944 vertrek hy na Egipte. Hulle vlieg net in die dag en voltooi die vlug eers drie dae later. Hy word ingedeel by 76-OTU (Operational Training Unit) Palestine, waar hy by een van die bemannings van B24 Liberator bomwerpers ingedeel word. Die nuwe bemannings leer mekaar en hul vliegtuie ken. Die volgende fase van hulle opleiding breek aan toe hulle op 24 September 1944 na die Lugmagbasis Abu Sueir, naby Port Said verplaas word om met die laaste fase van hulle opleiding te begin. Eskaders van die Britse "Royal Air Force" (RAF) en die "United States Army Air Force" is hier gestasioneer. Hier oefen hulle om met

Liberator Bomwerpers uitvlugte, landings, ontduikingsaksies en om bomwerping te doen. Poelie kry ook opleiding as medevlieëner en doen verskeie solo opstygings en landings. Op 26 Oktober voltooi hy sy opleiding. Nou gaan hy en sy kamerade werklik operasioneel aangewend word onder lewensbedreigende omstandighede!

Geallieerde bomwerpers – veral die Liberators - was nie verniet vyand nommer 1 vir die Duitse en Italianse Lugmag nie, maar hierdie “vlieënde forte” was ook nie ‘n katjie wat mens sonder handskoene kon aanpak nie!

Hulle vertrek op 26 Oktober 1944 vanaf Kairo, Egipte na Bari, Italië en word ingedeel by 31 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag te Celone. Hier dien hy tot 4 April 1945. Gedurende hierdie tyd het hulle verskeie bombarderingoperasies en die neerlating van voorrade gedoen. Poelie se “Logboek” dui aan dat hulle die volgende plekke in die Noord-Ooste van Italië gebombardeer het: Verona, Treviso, die dokke by Monfalcone (in die heel Noord-Oostelike hoek van Italië) en Vicenza. Hulle het ook voorrade in Jugoslavië neergelaat. Poelie was tydens al hierdie operasies die navigator van hulle vliegtuig.

Op 9 Maart 1945 het hulle ‘n noue ontcoming gehad, toe hulle vliegtuig deur ‘n Duitse Junkers JU88 aangeval is. Met die formidabele bewapening van B24 Liberator bomwerpers het die bemanningslid van hulle vliegtuig wat die kanon en/of masjiengeweer beman het (Sers O Neill, ‘n lid van die RAF) gelukkig die JU88 afgeskiet.

Op 5 April 1945 vertrek Poelie hulle vanaf Florence na Foggia Main aan boord ‘n Mitchell B25 vliegtuig en op 11 April 1945 vertrek hulle per Dakota vanaf Bari, Italië na ZAS Pretoria (die hedendaagse Swartkop Lugmagbasis) waar hulle op 15 April 1945 aankom.

Oor die tydperk 22 Junie 1945 tot 23 Julie 1945 word hulle na “10 WING S.A.A.F.” Pietersburg verplaas, blykbaar op 'n gereedheidsgrondslag, want hulle oefen en vlieg met die nuwe Ventura vliegtuie. Gelukkig breek die einde van die oorlog aan voordat hulle weer ontplooi kon word.



Die Wêreldoorlog II medaljes wat aan Lt Pieter Hendrik Henning *25-11-1920, navigtor by 31 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag toegeken is: V.l.n.r: 1939-45 Ster; Italiëster; Oorlogsmedalje 1939-45; Afrika Diensmedalje

Vier oorlogsmedaljes is aan Lt Pieter Hendrik Henning (Poelie) toegeken, nl. die 1939-45 Ster; Italiëster; Oorlogsmedalje 1939-45 en Afrika Diensmedalje, soos geplaas van links na regs langsaan.

Nadat Poelie gdemilitariseer het, begin hy werk by die Departement van Bantoe-Onderwys, waar hy werk tot en met sy aftrede.

Poelie het skynbaar die liefde van sy lewe, die pragtige jong meisie Marjorie Margaret Hough tydens sy opleiding te Grahamstad of George ontmoet. Sy was ‘n lid van die Women’s Auxiliary Air Force wat ‘n paar jaar vroeër tot stand gekom het in ‘n ondersteuningsrol vir die



b1.c6.d6.e8.f3. Pieter Hendrik (Poelie) Henning *25-11-1920 en sy seun Pieter Hendrik (g2) *24-1-1950

Lugmag. Al die lede van die WAAF was vrywilligers en hul hoofsaak was om bepaalde funksies by manlike soldate oor te neem. Hulle trou op 8 Junie 1944 te Pretoria. ‘n Week na hul troue (op 15 Junie) vertrek Poelie na Egipte. Marjorie was sekerlik baie trots op haar man – sy was immers self ‘n vrywilliger – maar die vrees dat die ergste met hom kon gebeur, moes sekerlik deur haar psige geskok het.



Die pragtige Marjorie Margaret Henning (gebore Hough) *4-6-1925 wat slegs 35-jaar oud was toe sy gesterf het

Poelie en Marjorie was slegs sewentien jaar getroud, toe sy op 18 Mei 1961 in die jong ouderdom van 35-jaar gesterf het. Nege jaar later trou Pieter weer met die weduwee, Isabella Margaret van Eck

(gebore Eales)

Hoewel hy as kind reeds die bynaam, Poelie gekry het, het sy kleinkinders hom altyd “oupa Pollie” genoem, omdat hy ‘n African Grey papegaai met die naam Pollie gehad het. Oupa Pollie sterf op 12 Oktober 2002 te Jan Kempdorp, in die ouderdom van een-en-tagtig jaar en tien maande.

Foto’s van ons twee Predikantsvroue

Ons het in Haantjie nr 133 van Februarie 2018 vertel van die twee dogters van b6.c1.d3.e4. Andries Gerhardus Henning(*1859) en sy vrou, Cecilia Johanna (gebore Venter)(*1865) van die plaas Lemoenkloof, Fauresmith wat as pastoriemoeders diep spore in Nylstroom getrap het. Maria Magdalena (Miemie), 5de kind en Liberta, 8ste kind, se eggenotes was agtereenvolgens vanaf 1910 tot 1960 vyftigjaar lank predikante van die Gereformeerde Kerk Waterberg te Nylstroom. Ons het op daardie stadium geen geskikte foto’s van hierdie susters as volwassenes gehad nie. Ons het slegs ‘n foto gehad van hul pa en ma se 50ste huweliksherdenking, waarop Liberta verskyn.

Sedertdien het Cornelia Henning van Kuilsrivier (wat vandag by my as Bondsektaris sal oorneem) verskeie foto’s van hierdie families vir ons in die hande gekry. Sy kon ook verdere geskiedkundige gegewens oor Miemie en haar familie opspoor.

Miemie Henning was maar 18-jaar oud toe sy en die 31-jarige Ds Johannes Petrus van der Walt (*1878) in Januarie 1910 in die huwelik getree het – ‘n jaar nadat hy op Nylstroom aangekom het. Hy het na skool vir predikant begin studeer by die Gereformeerde Kerke se Teologiese Skool te Burgersdorp, maar met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog moes hy sy studies staak. Verskeie jare na die oorlog het hy besef dat hy geroepe is om vir predikant te studeer en het sy proponenteksamen in Desember 1908 afgelê en is ‘n maand later na die Gereformeerde Kerk Waterberg te Nylstroom, asook die gemeente te Pietersburg beroep.

Die egpaar moes onder uiters moeilike omstandighede arbei aangesien die gemeente(s) nog moes worstel ná die Anglo-Boere-oorlog en groot armoede geheers het. Omdat hy bykans die hele Noord-Transvaal moes bedien, was hy soms tot ses weke aaneen van die huis afwesig sonder dat enige tyding van hom ontvang is. Daar was nog nie goed soos telefone of 'n effektiewe posdiens nie.

Miemie en J.P. van der Walt was net 12 en 'n half jaar getroud, want op 2 Augustus 1922 is hy, 27 dae voor sy 44ste verjaardag, in Johannesburg aan kanker oorlede, ná 'n bittere lyding. Sy dokter op Nylstroom het hom aangeraai om Johannesburg toe te gaan vir 'n operasie.

Miemie is op 31-jarige leeftyd nagelaat met ses kinders, van wie die oudste 11-jaar en die jongste ses maande oud was. Die versorging en opvoeding van die jong kinders was vir die predikantsweduwee met 'n karige inkomste vanselfsprekend 'n groot taak.

Sy het daarna nog op Nylstroom bly woon tot Januarie 1931, toe sy met haar gesin na Potchefstroom verhuis het met die oog op hul opvoeding.

Sy het nooit hertrou nie; dus was sy amper 43 jaar lank 'n weduwee. Ná haar afsterwe op 18 Mei 1965, 10 dae ná haar 74ste verjaardag, is Miemie langs haar man op Nylstroom begrawe.



b6.c1.d3.e4.f5. Maria Magdalena (Miemie) van der Walt *8-5-1891 (gebore Henning) en haar man, Ds Johannes Petrus van der Walt *29-9-1878



Ons het 'n swak afskrif van hierdie foto gehad, maar kon nou 'n baie beter gehalte een kry. **b6.c1.d3.e4.** Andries Gerhardus Henning *31-10-1859 en sy vrou, Cecilia Johanna se 50-jarige huweliksherenking gedurende 1930. Slegs sommige van hul kinders kon die herdenking bywoon. Miemie en haar man kon nie bywoon nie.

Voor v.l.n.r.: Cecilia Johanna Venter (d/v Liberta[f8]), Philopatrina(f2.g6.) Johan Yssel (s/v Catharina Maria[e4.f7.]), Cecilia Johanna Yssel (d/v Catharina Maria[e4.f7.]), Elizabeth Margaretha Venter d/v Liberta[f8]). Midd: Jan Yssel en sy vrou Catharina Maria (f7) met hul jongste kind op haar skoot, Joseph Jooste (f2), vader Andries Gerhardus en moeder Cecilia Johanna (gebore Venter), Liberta Venter (f8). Agter: Andries Gerhardus (f2.g2.), Willem Frederik (f2.g4.) en Cecilia Johanna (f2.g5.)



b6.c1.d3.e4.f5. Maria Magdalena (Miemie) van der Walt (gebore Henning) *8-5-1891, eggenote van wyle Ds Johannes Petrus van der Walt en haar ses kinders ten tye van haar man se dood, v.l.n.r.: Anna *24-9-1918, Johannes Petrus *21-11-1914, Tjaart Nicolaas *4-12-1910, In ma Miemie se arms, Liberta *19-2-1922, Cecilia Johanna *18-1-1916, Adriana Maria Hendrina *3-4-1917. Hulle tweede seun, Andries Gerhardus *5-6-1912 was drie jaar en sewe maande oud toe hy gesterf het.



Foto geneem ten tye van die begrafnis van b6.c1.d3.e4 Andries Gerhardus Henning *31-19-1859 op 4-8-1932 van sy weduwee en kinders Agter: Liberta Venter (f8); Magdalena Johanna Vorster (f4); Catharina Maria Yssel (f7); Maria Magdalena van der Walt (f5). Voor: Joseph Jooste Henning (f2); moeder Cecilia Johanna Henning (gebore Venter); Hendrina Johanna Nienaber (f3); Cecilia Johanna Erasmus (f1)




Foto regs bo: Ds J P van der Walt en sy vrou Miemie en hul drie seuns, Andries (jonk oorlede, Hansie en Tjaart

b6.c1.d3.e4.f8 Liberta Venter (gebore Henning) *19-2-1922. Haar eggenote, Ds Hendrik Johannes Venter het na die afsterwe van Ds J P van der Walt hom in die Waterberg gemeente te Nylstroom opgevolg. Soos haar suster het sy ook met groot vrug in hierdie gemeenskap gearbei



Hennings boer vooruit op Orania!

Die meeste van ons lesers het sekerlik al met genoë vernem van die wondelike vordering wat met die konsep van selfbesikking vir Afrikaners op Orania gemaak word en hoe hierdie dorp vooruit boer. Ons is bewus van verskeie Henning's wat op een of ander manier by Orania betrokke is, hetsy as inwoners, lede van die vereniging of net as ondersteuners.

Ons lees in die Junie 2018 uitgawe van die Orania Beweging se tydskrif, Voorgrond, die volgende oor **b6.c1.d3.e4.f2.g2.h1. Prof Jozef Jooste Henning *1-2-1935 en sy dogter Cornelia (getroud Jooste)** en haar familie se rekord olyfoes:

Rekord-olyfoes maak klaar (deur Ester Le Roux)

Wanneer jy by die hek inkom en 'n vriendelike Labrador jou stertswaaiend tegemoet kom, weet jy sommer – hierdie gaan 'n goeie besoek wees! Dieper in die erf onder die skaduweeboom is vrouens besig om olywe te sorteer. Kratte en houers staan oral vol pers- en groen olywe. Daar word vir jou 'n stoel nader getrek en so tussen die sorteerdery en die gesels, die rustige dreuning van die olyfpers op die agtergrond, Cornelia se vriendelike glimlag en die reuk van olywe in hul verskillende stadiums, gaan 'n nuwe wêreld vir jou oop! Tussendeur kom laai Anton Enslin, die bestuurder van hul boord en sy helpers, kratte olywe uit die boord af.

Die olyf het 'n noue Bybelse konnotasie en so 'n boom kan vir duisende jare sy vrug lewer. Vir Cornelia en haar familie staan hul boutique-olyfboerdery in die teken hiervan – vir hul eie familie, Orania en vir die hele Afrikanervolk.

Sy vertel hoe haar ouers, prof en mev Josef Henning in die negentigerjare – tydens sy ampstyd in die Noord-Kaap Wetgewer – die welige olyfbome op sypaadjies en in die tuine van Kimberley opgemerk het. Hulle het olywe begin pluk en inmaak en net voor die eudraai besluit om sowat 1000 olyfbome aan te plant op hulle landbouhoeve op Orania – hoofsaaklik *mission* en *frantoia*. In 2007 het hulle vir die eerste keer olywe begin pluk. Dokter Gawie Nel, Orania se eerste voltydse tandarts, het na hul olyfboerdery gekyk, want die Hennings het weer in Pretoria gevestig toe hul ampstyd verstreke was by die Wetgewer.

Vir die uitgebreide Henningfamilie word dit van toe af tradisie om jaarliks in



Prof Jozef Henning, Jasper Jooste, Debbie Jooste en Gerhard Jooste (seun, dogter en man van Cornelia)

April olywe te kom oes in Orania. Klein en groot help dan en deur die jare leer hulle alles van olyfboerdery en vestig markte vir vars olywe, ingelegde olywe en olyfolie. In 2011 was die oes sowat sewe ton en in 2012, twintig ton. Die olywe is van hoë gehalte en hulle lewer



Corneli Jooste en haar pa en ma, Gerhard Jooste en Cornelia Jooste (dogter van Prof Jozef Henning)

die olywe aanvanklik aan markte op Hartswater, Bloemfontein en Pretoria. Daar was ook minder goeie oesjare en baie uitdagings deur die jare om die olyfboord met die vereiste kundigheid in stand te hou, veral toe dokter Gawie weens gesondheidsprobleme nie meer in beheer van die boord kon wees nie.



Die Henning/Jooste familie se gebottelde olyfolie produkte

In 2013 skaf hulle hul eie olyfpersmasjien aan. Sy vertel hoe 'n groot hoogtepunt en vreugde dit was vir die familie om in Maart/April 2013 opleiding te kon ontvang om met die masjien te werk. Sedertdien neem hul olyfboerdery die wending dat dit meer fokus op die bemarking van olyfolie.

Hierdie jaar, vertel Cornelia, was die familie net vir die langnaweek in April hier om te help en het sy vir die eerste keer die olyfsorteerdery en -oliepers grotendeels op haar skouers gehad, saam met helpers uit die gemeenskap. Haar grootste vrees was dat die masjien sou breek, maar gelukkig het sy geen probleme hierdie jaar gehad nie.

Alhoewel die bome, volgens kenners, ongeveer 16 ton olywe gemiddeld moet lewer, oes hulle hierdie jaar 40 ton, vertel sy oorstelp. Hulle moes groot hoeveelhede kratte aankoop en twee

groot verkoelingsmasjiene aanskaf vir die olie – elk hou 1100 liter olie. Olyfbome lewer siklies groter en minder groot oeste maar sy praat met groot lof van Anton Enslin en sy vrou wat vir twee jaar noual die olyfboord bestuur.

Anton Enslin, op sy beurt, praat met entoesiasme oor die suksesvolle oes vanjaar en die versorging van die boord oor die tweejaar-tydperk. Sy vrou en kinders – wat tuis skoolonderrig ontvang – is onmisbaar vir hom en nou betrokke in die olyfboord se versorging. Hy benadruk hoe krities belangrik dit is om venstertye te benut vir kunsmis, snoei en watervoorsiening.

Hy praat ook met groot lof van sy oesspan van 9 naskoolse jongmanne, van elders, wat hierdie jaar hul gewig kom ingooi het hier op Orania. Verlede jaar het hulle sowat 300 aansoeke ontvang, vertel Anton en hierdie jaar oor die 1500! Hy prys die kinders se harde werk en entoesiasme – ook hul goeie samewerking met mnr Coffee, wat toesig hou oor die plukkery. Wanneer een van hulle siek is, vertel hy, kompenseer die ander en hulle oes gemiddeld tussen 1,1 en 1,2 ton olywe per dag. So leer die jongmanne Orania ken en vind gesonde interaksie plaas om dieper deugde te versterk, gesels Anton, terwyl hul kennis opdoen oor olyfboerdery en leer om met die plukmasjiene en voertuie te werk. Hulle werk hard om einde Mei klaar te maak, want die oesspan moet in die tweede week van Junie aanskuif na die pekanneutoes wat volgende aan die beurt is – daar kom darem nog drie plukkers by.



Die nege jong manne van oral oor die land wat vir Anton Enslin, bestuurder van die Henning/Jooste olyfboord met die oes kom help het. Anton is die man met die rooi baard

Die tipe boutique-olyfboerdery van die Henningfamilie pas Orania se gemeenskapsingesteldheid soos ‘n handskoen - ‘n kleiner lokale boerdery wat die dieper heil van die arbeidsaamheid meervoudig in ‘n familie en gemeenskap terugsit. Mens kan nie anders as om bewus te word van die hartlike gees

van samewerking tussen die werkendes nie. Sowel by Cornelia as Anton kry mens die gevoel dat dit gaan om meer as net die olyfboord wat versorg moet word en die olyfoes wat moet af. Dit gaan om die groter Christelike roeping om die aarde te bewerk en te bewoon op ‘n verantwoordelike manier, sodat arbeidsvreugde en hartlike samewerking met ‘n medemens die oes van geestelike heil kan inbring vir die betrokkenes en ‘n nageslag. Sy vertel hoe hul familie op ‘n heel unieke manier mekaar leer ken het en gesins- en familiebande verstewig het in hul saamwerk gedurende oestyd deur die jare en dat hulle dit vir niks sou wou verruil nie!

Cornelia het groot drome om die boerdery uit te brei en nog afdelings in te bring, soos byvoorbeeld seep, masseerolie, medisinale produkte, tapenades, gedroogde olywe, brikette vir vuurmaak ens. Haar familie doen dit nou net op klein skaal vir eie gebruik. Hou gerus hul bedrywighede dop op hul webblad by die skakel: <http://www.noordkaapolywe.co.za> . Om olywe of olyfolie te bekom of vir meer inligting rondom die olyfboerdery, skakel Cornelia by selnommer 082 903 1427 of Anton by 072 966 6711

Geldsake



Ons wil weereens baie dankie sê aan al die welmenende Hennings wat oor die afgelope drie maande donasies vir die Familiebond aangestuur het. Ons wil almal opreg bedank vir hierdie pragtige gebaar. Dit toon duidelik dat die Henning Familiebond belangrik en op die regte pad is.

Ons wil almal die versekering gee dat elke sent van hierdie geld in belang van die Henning familie en in besonder die Henning Familiebond bestee sal word.

Ons bedank eerstens die sewe lede wat gereeld maandeliks deur middel van 'n debietorder bydraes lewer. Dít is van onskatbare waarde vir die Familiebond.

- Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Montanapark, Pretoria
- Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria
- Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria
- Pieter Hendrik Henning en sy vrou Anna van Durbanville
- Runa en Sauer van Straaten van Doringkloof, Centurion
- Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië
- Pieter Jacobus Stephanus Henning van Ramsgate



Dan wil ons ook ons dank uitspreek teenoor die volgende lede wat bydraes gedurende die afgelope drie maande aangestuur het:

- C B (Neels) Henning en sy vrou Bernice van Tampa, Florida in die VSA het 'n donasie van R1 000.00 gestuur, maar die bankkoste vir die buitelandse oordrag het R114.00 bedra. Dus het slegs R886.00 die familiebond se bankrekening bereik.
- Mev Carol Allan (gebore Henning) en haar man, John van Dunvegan, Edenvale – R750.00
- Mev Linda van Tonder (gebore Henning) van Ferndale – R100.00
- Mev J J B Henning van Klerksdorp – R100.00

Ongelukkig blyk dit dat die getal Henning's wat bydraes lewer elke jaar afneem, wat ons finansies natuurlik onder druk sit.

**Die besonderhede van die Familiebond se lopende rekening is as volg:
FNB Villiersdorp (Tak 200 712); Rekeningnaam – Henning Familiebond;
Rekeningnommer – 6265 7601 483. Gebruik asseblief u voorletters en van (en
as dit moontlik is, u lidnommer), as verwysing wie die deposito gemaak het.**

Henning Aandenkings

Ons het steeds die volgende Henning aandenkings beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos (olie4@henning.org) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing**

1. Teelepels — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as ‘n stel van ses of meer, saam met ‘n suikerlepel**, of individueel in ‘n teelepel versameling
2. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk
3. Lapelwapens — R30.00 elk
4. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in ‘n vertoonkas vertoon word. Sal ook ‘n mooi erfstuk word**
5. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
6. Henning CD — R125.00 elk plus R10.00 posgeld
7. Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou ook dat as u wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit ‘n ekstra R30.00 sal kos. Aflewering d.m.v Postnet kos R99.00 vir ‘n pakkie van 1 Kg.

Tensy u ‘n groot bestelling van verskeie items plaas, behoort die posgeld nie meer as R20.00 te wees nie.

Ondersteun asseblief die familiebond.



- | |
|------------------------------|
| 1.Henning CD – R125.00 |
| 2.Skryfblok (50 bl) – R30.00 |
| 3.Suikerlepel –R54.00 |
| 4.Lapelwapen – R30.00 |
| 5.Teelepel – R50.00 |
| 6.Mansjetknope – R100.00 |